# Tsitsikamma 2025

| ROETE: | Tsitsikamma | DATUM: | 29/4 - 5/5 2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Dag 1: 6 van ons pak die Tsitsikamma aan. Ons ry lekker vroeg op dag 1 vanuit die Kaap tot in Nature's Valley. Daar aangekom sort ons die admin uit en ons kry die goeie nuus dat die rivier mond is toe, so ons kan die korter roete seelangs stap om by Kalander hut uit te kom. Dag 2: Ons begin so 8-uur te stap en sommer met die eerste voet by die deur uit reën dit lekker. Ons stap basies heel oggend in die reën, maar stop darem onder die brug waaroor die N2 gaan vir bietjie droogheid. Ons kom uiteindelik by die Bloukranshut aan. Dag 3: Daar is eers 'n lekker klim op na die plato ná die Bloukranshut. Van daar sien ons die Bloukrans brug ook. Ons sak later af na die Bloukransrivier, waar ons met behulp van 'n tou dit oorsteek. Die klim ná die rivier tap mens se energie maar ons maak dit. Ons stap verder op 'n relatiewe plato tot by Keurboshut. Dag 4: Vandag se stap is redelik gelyk behalwe vir die 1 groot klim ná die Lotteringrivier. Daar is 3 rivierkruisings vandag en elkeen kruis maar die rivier op die manier wat vir hulle gemaklik is. Na 'n laaste rivierkruising, of 2, kom ons by die Heuningboshut aan. Dag 5: Vandag is die 2 groot klimme op die roete, ons begin 'n bietjie vroeër stap en mik eers om oor Rushes Pass the stap. Dis 'n ordentlike klim tot bo, en ons sak weer af aan die anderkant, na 'n rivier wat op geen kaart is nie. Gelukkig is dit maklike om oor te steek en ons mik dan na Nademaalsnek. Dis nog 'n ordentlike klim voordat ons bo by die klipstapel uitkom wat die hoogste punt aandui. Ons sak aan die anderkant af en loop al op die rif langs tot ons die Stormsrivier bereik, waar die paadjie dan terug draai en suid mik na Sleepkloofhut. Dag 6: Ons stap die laaste paar kilometer tot by die Petropoort, waar ons smul aan roosterbroodjies, muffins, koffie en nog meer. Ons ry dieselfde dag nog terug. Algemeen: Alhoewel groot dele van die roete in die reën gestap is, was dit nog steeds bitter mooi. Die berg uitsigte en die woude en alles tussenin. Al die hutte is baie goed en warm water elke aand, mits die donkie gestook is.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 044/2025 | 58 | 2774 | |
| Ulla Esterhuzen | 114/2025 | 58 | 2774 | |
| Elana Swart | 052/2025 | 58 | 2774 | |
| Belinda Miller | 191/2025 | 58 | 2774 | |
| Amanda Matthee | 045/2025 | 58 | 2774 | |
| Magda Le Roux | 124/2025 | 58 | 2774 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **348** | **16644** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | n/a |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Werner Dalziel |
|---|---|